



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN  
VOORBEELDVRAESTEL 2008

**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL II  
(SKRYFVRAESTEL – LU 3 EN LU 4)**

**NASIENRIGLYNE**

Tyd: 3 uur

100 punte

---

## AFDELING A

### VRAAG 1

- 1.1 Die kandidaat **moet die gegewe interpretasie weerlê** en toepaslik vanuit die teks – óf vanuit sy/ haar eie kennis van die drama – **met aanhalings** of addisionele inligting **herinterpreteer**.

Die kandidaat se interpretasie behoort in 'n meerdere of mindere mate aan te sluit by die onderstaande stellings, maar die punte hieronder moet uiteraard net as riglyn gebruik word en is geensins die finale woord hieroor nie:

- Soekie en Frikkie is alles behalwe verveeld. Hulle werk elke nag baie hard daaraan om water te vind sodat hulle die versengende droogte, wat gevolg het na hul ouers se dood, te besweer. Hulle slaap deur meeste van die dag, maar speel ook hierdie fantasiespeletjies om hulleself te herinner aan die redes vir hulle huidige situasie. Dit is wel so dat hulle 'speel om die tyd om te kry', maar dit is meer om te vergeet van die haglike lewe wat hulle geërf het as omdat hulle verveeld is.
- In fantasiespeletjies speel hulle as't ware hul ouers uit die graf uit in die hede in. Dit vorm daarom ook 'n belangrike dramatiese funksie aangesien dit juis hulle streng Calvinistiese en patriargale grootwordjare verbeeld, sonder dat dit aan die gehoor 'vertel' hoef te word. Die ouers as gesagsfigure word dus betrek sonder dat hulle self deel van die rolverdeling uitmaak.
- Die speletjies is gewelddadig, seksueel en skokkend omdat dit die psigies versteurde uitwerking van so 'n puriteinse huisgesin voor die gehoor wil uitspeel. Hulle is, na alles, die produk van die onderdrukking waarmee hulle grootgeword het. Persoonlikheidsverwringing is dikwels die gevolg van uitermate outoritêre/patriargale figure in kinders se lewens.
- Hulle mis geensins hulle ouers nie, maar het dit wel nodig om hulleself heertyd aan die beweegredes tot die ouermoord te herinner en is uiteindelik afhanklik van daardie bestawwende verhouding omdat dit al een is waaraan hulle gewoond is. Die strafspeletjies blyk dus al manier te wees waarop hulle met die hede (sonder hulle ouers) kan saamleef.
- Grové se koms word geensins positief ervaar nie (hoewel dit hulle herinner aan positiewe kuiers van die verlede). Hulle sien hom as die vergestaltung van alles wat hulle probeer ontvlug het. Hy is streng, behoudend in terme v. Calvinistiese waardes (glo jy moet hard werk om jou brood te verdien) en hy bedreig die bestaan wat hulle nou maak as hy die plaas kom inspekteer en hulle wil wegstuur (net soos hulle ouers wou maak nadat hulle moontlike bloedsandelike verhouding ontdek is).
- Die moord op Grové is dus geen ongeluk nie. Frikkie het reeds vroeg na sy aankoms met sy motor gaan peuter, want hulle wou seker maak dat hy nie weer kan wegkom nie. Hoewel dit nooit pertinent gesê word nie, kry 'n mens die gevoel dat hulle van die begin af geweet het hoe die aand gaan eindig.
- Soekie en Frikkie moet dus seker maak dat hulle droom om helende water onder die grond te vind bewaarheid word sodat die sondes van die vadere uiteindelik weggewas kan word. Die 'speletjie' wat eindig in Grové se dood is 'n uitspeel van die verskriklike moord op hulle ouers, maar ook noodsaaklik om die behoud van hulle eie siek realiteit te verseker.

Gebruik die 7-vlak tabelop die volgende bladsy as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

		<b>Styl (40%)</b>							
		<b>TOTAAL: 30</b>	<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	<b>Bevredigend</b> Vlak 5	<b>Voldoende</b> Vlak 4	<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	<b>Elementêr</b> Vlak 2	<b>Ontoereikend</b> Vlak 1
			'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	'n Baie holruggerde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.
<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14	
<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12	
<b>Bevredigend</b> Vlak 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10	
<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5	
<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5	
<b>Elementêr</b> Vlak 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5	
<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3	

[30]

- 1.2 Die kandidaat moet duidelik standpunt inneem rondom die nodigheid/ funksie van die karakter van Ou Alina in hierdie drama deur gebruik te maak van gegewe uittreksels en kennis van die drama as 'n geheel.

Daar moet wel aandag gegee word aan die volgende aspekte:

- In die personeteks word Ou Alina soos volg beskryf: 60, die plaasbediende. Sy straal 'n byna magiese krag uit en wanneer sy op die verhoog verskyn, het sy 'n oorheersende teenwoordigheid. Sy dra 'n kopdoek, baie armbande en haar voete is kaal. Sy is geklee soos 'n tradisionele plaasbediende.
- Dit is belangrik dat die gehoor gedurig van ou Alina in die kombuis bewus bly (bl. 14).
- Gedurende die drama speel sy die volgende rolle: voeder, versorger, beskermer en vertrooster.

Hier volg 'n moontlike interpretasie van Ou Alina se rol binne die drama:

- Hoewel ou Alina weinig sê, vul haar aanwesigheid die atmosfeer. Sy tree aanvanklik op as die huisbediende (die helper), maar simboliseer uiteindelik 'n misterieuse vrouemag.
- Haar ouderdom (sy is twee keer so oud soos Soekie) stel haar duidelik in 'n ander generasie waaraan mens wysheid en insig kan verbind. Hoewel dit nie dieselfde puriteinse lewensuitkyk is wat met die ouers geassosieer word nie, word ons hier bewus van 'n oer-Afrikawysheid wat meer aards en inklusief is. Sy word ook aan haar kleredrag direk geassosieer met 'n Afrika-beeld van 'n vrou en moeder en haar kaal voete verbind haar ook direk met die grond (Moeder Aarde-beeld).
- Tydens die verloop van die drama bly die gehoor deurentyd bewus van Ou Alina se skimagtige teenwoordigheid – op die verhoog sowel as in die kombuis. Sy het nie 'n dubbele persoonlikheid soos Soekie en Frikkie nie, maar sy word in terme van vreemde en bonatuurlike magte beskryf (in die didaskalia) wat haar verder verbind aan die onderbewuste en kan sy ook met die maan, nag en water geassosieer word. As sy op die verhoog verskyn is sy oorheersend.
- Ou Alina speel die rol van voeder, versorger, beskermer en vertrooster – almal beelde van die volksmoeder (veral van die vroeë 20ste eeu).
- Ou Alina het dus jare terug reeds dié rol by Soekie en Frikkie se ouers oorgeneem omdat sy juis die leemte gevul het wat die ouers hulleself nooit toegelaat het om te wees nie. Hulle het tereggewys en straf uitgedeel.
- Geïsoleerd van die wêreld is dit juis haar teenwoordigheid wat dit moontlik maak vir Soekie en Frikkie om te oorleef. Sy is hulle enigste band met die werklikheid, maar terselfdertyd beskerm sy hulle ook teen die buitewêreld en raak so medepligtig aan die behoud van hulle psigies-afgetakelde fantasie-wêreld.
- Mens sou wel kon sê dat Ou Alina moontlik 'n bose mag in die drama kon verpersoonlik aangesien sy nie 'n uitweg beding om die kinders te red nie, maar as plaasbediende is sy onder dieselfde rangorde van mag onderwerp en sy speel dus nou die 'ideale' bediende wat nooit vrae vra nie, maar haar rol as aardsmoeder tot die uiterste toe vervul.
- Ou Alina se rol is dus van uiterste belang vir hierdie drama, veral in die laaste toneel waar die wit kinders hulle toevlug vind in die arms van diegene wat totaal ontmagtig was deur die patriargale sisteme wat ons land in stand gehou het.

Gebruik die 7-vlak tabel op die volgende bladsy as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

		Styl (40%)						
		Uitmuntend Vlak 7	Verdiensielik Vlak 6	Bevredigend Vlak 5	Voldoende Vlak 4	Gemiddeld Vlak 3	Elementêr Vlak 2	Ontoereikend Vlak 1
<b>TOTAAL: 30</b>								
		'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	Goed-onderigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.
<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>Bevredigend</b> Vlak 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
<b>Elementêr</b> Vlak 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

[30]

## VRAAG 2 *BOESMAN, MY SEUN – DEON OPPERMAN*

Mini-essay - Voorstelle (kernidees word in vetdruk aangetoon. Kandidate mag hul eie motiverings en argumente gebruik, solank dit die opdrag en standpunt pas en van toepassing is op die dramateks en die lied.) **Gebruik asseblief die rubriek op die volgende bladsy vir nasien.**

### STANDPUNT 1: 'N GEPASTE SLOT

Melodrama van die lied pas by die omhelsing in die drama.

**Verlede: driftige reaksies, gesprekke en situasies.** Oorsake, bv. skoolsake, rugby maar geen dans of kultuur toegelaat nie. Armdruk, dambord sodat Pa sy baasskap kan bewys. **Pa dwing seun om die kursus van Pa se keuse op universiteit te volg.**

**Hul verskillende sienings van weermag en ideologie wek konflik en spanning en word nou, hede, eers werklik verwoord.** Pa het verwag van Seun om in te pas by die tradisionele siening van die Afrikaner, geloof, kerk, vrou. **Seun is anders: Jy het jou idees, ek het my idees.**

**Elkeen soek na waarheid, maar 'n ander waarheid.**

Dit is juis hierdie vraagstukke wat tydens die drama 'opgelos' word en lei tot versoening, (**maar ons kom altyd tuis**) en 'n beter verstaan van mekaar – dus die **erkenning van verskil, maar 'n berustende aanvaarding daarvan. (Pappa ek lyk steeds meer soos jy)**

**Seun het Pa gehaat omdat hy gesag afgedwing het. Veral toe Seun beseft hy is aangeneem, het hy gemeen Pa tree daarom liefdeloos op. Hy het geword wat Pa nie wou nie en dit was die finale breuk tussen hom en Pa.**

Sy opstand het gelei tot fisiese geweld en Pa het hom onteien.

**Soos in die lied (r. 29 – 38) is dit duidelik in die drama dat Seun nie langer belangstel in 'n tradisionele geloofstradisie nie.** Vroër is hy deur Pa, kerk en predikant gedwing om geloof net op een manier te sien. **Soos elke strofe eindig en ook die drama eindig vind Seun en Pa mekaar en versoening vind plaas en word verwerklik in die voorgenome besoek aan Ma se graf.**

### STANDPUNT 2: DIE SLOT PAS NIE

'n Belangrike verskil is dat Ma nêrens in die lied voorkom nie, terwyl dit 'n belangrike element in die versoeningstoneel in die dramateks is.

Alhoewel daar versoening aan die einde van die drama is, is daar min tekens dat hul so eenders is **dat hul dieselfde rituele en denke deel (r. 5 – 10)**

Aan die begin van die drama is Seun se aankoms vir Pa 'n skok. Hy het Seun reeds afgeskryf. **Dat Seun nou, na 21 jaar, aanspraak maak dat hy en Pa ook fisies op mekaar trek, is vergesog. Seun was nooit en wou nooit soos Pa wees nie en aangesien hy aangeneem is, was die moontlikhede vir fisiese ooreenkomste, soos in die lied beskryf, maar skraal.**

**Die verskillende idees wat hul oor sake gehad het, het juis die konflik en verwydering veroorsaak en daar was min sprake van, veral later, 'Maar ons kom altyd tuis.'**

Hulle mag albei na waarhede gesoek het, maar dit was **totaal verskillende waarhede. Die moontlikheid dat hul nou eenderse sienings verkondig (r. 25 – 28) is net nie waar binne die drama nie. Wél dat hulle mekaar se sienings begin respekteer.**

**Die verskille in geloof en Seun se subtile verwysing na losbandigheid met vroue sou skaars pas in die drama se versoeningstoneel.**

Die enkele raakpunte wat uit die lied na die drama verwys, is dalk **net te melodramaties vir 'n slot waar Ma se dood en graf sterk dryfvere tot Pa en Seun se versoening vorm.**

**Dit is belangrik dat leerders se eie gemotiveerde sienings aandag verdien.**

		Styl (40%)								
		TOTAAL: 30	Uitmuntend Vlak 7	Verdiensielik Vlak 6	Bevredigend Vlak 5	Voldoende Vlak 4	Gemiddeld Vlak 3	Elementêr Vlak 2	Ontoereikend Vlak 1	
INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)			'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	'n Baie holruggerde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.	
		<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
		<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
		<b>Bevredigend</b> Vlak 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
		<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
		<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
		<b>Elementêr</b> Vlak 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
		<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

### VRAAG 3 KORTVERHALE UIT *DOUSPOOR*

#### 3.1 Literêre Opstel: 'Aapstreke'

Kandidate moet die stelling rondom die boodskap agter die speurverhaal **verdedig** deur te wys op die 'foute' wat in die teks gemaak word rakende die geaardheid van gorillas en hoe hulle in dieretuine opgepas word, asook die vreemde gebeure in die teks en veral tydens die moordtoneel self.

- Die minister word deurentyd met ape en gorillas vergelyk (sien ook die Aristoteles-aanhaling) sodat hy uiteindelik redelik eensydig geteken word as 'n tipe – die korrupte politikus wat net sy eie belange op die hart dra (enige probleme word deur sy sekretaresse uitgestryk).
- Daar hang heelwat vraagtekens agter die 'gebeure' en die logika (mev. minister woon 'n inspeksie in die dieretuin by, Rozanne wat steeds vir die minister werk na haar aborsie, die wegneem van die babagorilla en die bloedbelope oë van Suzy asook die feit dat sy nie reeds met die wegneem van haar baba oor die draad kon spring nie, ens.) agter die verhaal. Hierdie vraagtekens laat 'n mens wonder of die 'plot' (die speurverhaal) nie net 'n dun sluier hang bo-oor die eintlike verhaal/ temas in die verhaal nie.
- Kandidate moet dus aantoon dat alles in die vergrotende trap gebeur (die gorillas land byna geruisloos op die podium; die King Kong-aksie met die minister wat in die lug rondswaai; die breek van 'n nek kan gehoor word bo die geskreeu van die skare, ens.) en sodoende die leser in 'n ander rigting lei, nl. dat die storie eintlik allegories of satiries te werk gaan. Die verhaal vergroot die 'daad' en die aksies wat daartoe gelei het sodat die eintlike boodskap na vore kom: Dit neem 'n bomenslike/ bonatuurlike daad om 'n (korrupte) politikus uit sy/ haar posisie te lig.

Kandidate moet aandag gee aan die volgende strukturele aspekte:

- Die opstel moet getuig van deeglike beplanning met 'n sterk inleiding wat die kandidaat se siening duidelik stel.
- Paragrafe moet bestaan uit 'n kern of hoofgedagte; ondersteun deur toepaslike materiaal uit die aanhalings en die teks as groter geheel.
- Die opstel is afgesluit met 'n samevatting van die argument wat aantoon hoe die kandidaat se insigte aansluit by die aanvanklike stelling wat gemaak is.
- Goeie taalversorging en spelling moet mildelik beloon word.

Maak uiteindelik gebruik van die 7-vlak tabel as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.




		Styl (40%)						
		Uitmuntend Vlak 7	Verdiensielik Vlak 6	Bevredigend Vlak 5	Voldoende Vlak 4	Gemiddeld Vlak 3	Elementêr Vlak 2	Ontoereikend Vlak 1
<b>TOTAAL: 30</b>								
		'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens.	'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.
<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
<b>Bevredigend</b> Vlak 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
<b>Elementêr</b> Vlak 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

[30]

### 3.2 DEEL A

**Voorbeeld van moontlike breinkaartinligting wat aangebring word:** Die breinkaart hoef nie verbande te trek tussen fokalisering en die narratiewe elemente nie. Dit sal in die opstel aan bod kom.



## **DEEL B**

Die kandidaat moet duidelik aantoon hoe die fokalisering die onderskeie verhaalelemente beïnvloed en juis deur die subjektiewe derdepersoonvertelling die leser onseker laat oor die ware toedrag van sake.

Die volgende aspekte is baie belangrik:

- Die opstel moet daarvan getuig dat die kandidaat die breinkaart gebruik het vir beplanning.
- Die inleiding stel die sentrale fokus van die opstel duidelik.
- Paragrafe bestaan uit 'n kern- of hoofgedagte; ondersteun deur toepaslike materiaal uit die breinkaart en die teks as geheel.
- Die opstel word afgesluit met 'n samevatting van die kandidaat se siening.
- Goeie taalversorging en spelling word mildelik beloon.

Gee uiteindelik aandag aan die 7-vlak tabel hieronder as riglyn om 'n balans te vind tussen die inhoudelike motivering en stilistiese elemente van die kandidaat se skryfwerk.

**Breinkaart = 10 punte**

**Literêre opstel = 20 punte**

**[30]**

**VRAAG 4:                    *INFANTA* – DEON MEYER (Beredenerende opstel)**

Leerders behoort in hierdie opstel aandag te gee aan elk van die kenmerke van die roman soos vervat in die opdrag. Hulle behoort ook ondersteunende motiverings uit die roman te gebruik om hul redenasie te staaf. Vervolgens dan voorstelle waarna gesoek kan word. Dis egter geensins 'n poging tot die enigste moontlikhede nie en leerkrigte moet asseblief die leerders se eie gemotiveerde insette krediet gee. **Gebruik dan die rubriek by Aapstreke vir die bepunting. Let asseblief op dat die gegewens hieronder terwille van volledigheid so beskryf word. Dis nie moontlik dat die leerders binne hul woordperk by alles sal uitkom nie!**

**Spuurverhaal:** Die speurafdeling by die betrokke afdeling van die polisie in Kaapstad kry die opdrag om die twee reeksmoordenaars, Artemis en die Woolworths-moordenaar op te spoor en vas te trek. Bennie Griessel, speurder-ispekteur van formaat, lei die span speurders en hulle volg stelselmatig leidrade op om die sake op te los. Die leser raak vertrouwd met die metodes van die speurders sowel as die probleme waarmee hulle gekonfronteer word. Ook is hul frustrasie met dwaalspore en beriggewing deur die media sowel as interne konflik tussen die speurders self struikelblokke. Dit word duidelik dat speurders aan die kleinste skynbaar onbenullige stukkie inligting aandag moet gee en dit moet opvolg. Dit verg geduld en ure van wag vir die regte oomblik om toe te slaan. So wag Griessel en sy span op Artemis (Tobela) voor Carlos se huis en ook op die Woolworthsmoordenaar by die Waterfront. Die gevaar waarin speurders verkeer word getoon toe André Marais as lokvink moet optree in Woolworths en sy in die proses ernstige wonde opdoen. Ook Griffie Mketsu verloor daar byna sy lewe. Die forensiese kenners en sielkundiges word ook fyn betrek by die ondersoek. Dit is duidelik baie moeilik vir die speurders om nie toe te laat dat hul persoonlike omstandighede die sake beïnvloed nie. Speurders is mense met gesinne en soos Griessel uitvind word ook geliefdes soms slagoffers van 'n saak.

**Misdaadverhaal:** Speurders los misdade op en vang misdadigers. In hierdie verhaal vind die leser ook 'n panoramiese blik op die misdaadprobleem in die huidige SA. Hier is dit nie net kindermolesteerders en pedofiele wat aandag kry nie, maar veral geweldsmisdaad en roof en misdadigers met misdaadprofiel soos die reeksmoordenaar by Woolworths. Die moordenaars van Tobela se seun, Pakamile, se primêre motief was nie om vir hom dood te skiet nie, maar hul gevoellose optrede tydens 'n gewapende rooftog lei hiertoe. Die persepsie van die onmag van die regsisteem om hierdie soort sake behoorlik te hanteer noop dan vir Tobela om die wet in eie hande te neem en sy seun se dood te wreek. Hyself word tegnies gesproke dan 'n misdadiger. Wanneer hy dan in die media bewus word van die omvang van misdaad teen kinders verander sy persoonlike vendetta na 'n roeping om die samelewing te suiwer van misdadigers van kinders. Hy word soos sy voorgeslagte 'n krygsman en sy wapen is 'n tradisionele assegai. Telkens raadpleeg hy, soos die speurders ook, kenners van misdaad en misdadigers se profiele om misdadigers op te spoor. Verkragting en dwelmhandel is ook misdade wat onder die loep geneem word, sodat Griessel self sy eie beginsels moet prysgee om sy dogter te red. Hy word dan self 'n vigilante.

**Polisieverhaal:** Midaadsake en misdadigers vra om knap polisiëring. Die leser kry 'n kyk op die binnewerkinge van die polisiemag in Kaapstad. Die vele kante van die polisie se werk word beskryf. Dis ook duidelik dat daar rangordes is en as 'n polisieman nie sy werk na behore doen nie, word hy/ sy van 'n saak afgehaal. Mat Joubert moes streng optree teenoor Griessel en sy alkoholisme, net soos Griessel weer vir Jamie Keyter afhaal van belangrike take omdat hy uit sy beurt inligting aan die media verskaf het. Polisiëring is dikwels sleurwerk en verg eindelose geduld en ook skerp insig om die kleinste leidraad te kan opvolg. Korrupsie binne die mag spring ook nie vry nie. Boef Beukes word aan die kaak gestel weens sy verhouding met die dwelmkartel. Polisiemanne moet dikwels ver buite die grense van hul eenheid gaan inligting soek, soos die oorsprong van Tobela se assegai wat in Natal opgespoor word. Rassisme is ook daar aanwesig en jaloesie rondom die regstellende aksie-kwessie. Omkopery is teenwoordig. Hierdie perspektief op die polisie en hul werk word gekritiseer, maar tog met die insig dat ook hier mense agter die uniforms is.

### **Sielkundige dryfvere van die hoofkarakters**

**Christine:** sy dra 'n moeilike en komplekse agtergrond en jeug in haar. Haar ma was 'n los vrou met vele minnaars, haar pa 'n soldaat wat obsessiewe godsdiensige oortuigings op sy gesin probeer afdwing het. Hierteen kom sy in opstand en met die voorbeeld van haar ma se seksuele gedrag, asook molestering deur sommige van die minnaars, volg sy self 'n pad van promiskuiteit. Sy beskou haarself as 'n soort nimfomaan met 'n onversadigbare drang na seks. Wanneer sy egter 'n dogtertjie het, word haar allesoorheersende drang om 'n veilige en seker toekoms vir haar kind te besorg. Daarom werk sy as prostituut en sit elke pennie weg. Sy beland in die kloue van die gevaarlike Carlos maar omdat hy groot geld beteken, doen sy wat hy wil hê teen haar beterswete. Dis wanneer sy agterkom dat Carlos met wellus na Sonia kyk, dat sy 'n roofdier word en sy dood tot in die fynste besonderhede beplan en deur Artemis laat uitvoer. Sy besef ook syself is 'siek' wanneer sy haarself sny met 'n mes om so te probeer ontslae raak van die 'kwaad' in haar. Die pyn bring die werklikheid van wie en wat sy is na vore. Sy beland uiteindelik op Reddersburg in die Vrystaat waar sy hoop om veilig met Sonia en die gesteelde geld van Carlos 'af te tree'

**Tobela Mpayipheli:** Hy word aanvanklik gedryf deur die gereg se onvermoë om die moordenaars van sy seun aan te keer. Ook besef hy tydens die hofsak dat sy verlede as 'n vryheidsvegter en skerpskutter vir die destydse ANC se militêre eenheid nooit vergeet sal word nie en dat dit teen hom sal tel. Hy voel steeds skuldig oor Pakamile se ma se dood terwyl sy aangehou en ondervra is oor hom. Hy raak dan bewus deur die media van die omvang van geweld teen kinders en sy fokus verskuif na 'n obsessiewe ideaal om die samelewing te bevry van kindermolesteerders en -geweldenaars. As die gereg en die wet te treurig is om op te tree sal hy dit self doen. So word hy dan 'n selfaangestelde laksman. Dit bring natuurlik verdere probleme mee en hy besef dat hy nie altyd kan onderskei tussen skuldig en onskuldig nie. Hy sien ook nie kans om teen vrouemisdadigers op te tree nie. Te midde van hierdie worsteling binne hom maak hy ook foute en die speurders spoor hom op. Hoewel hy ontvlug, kry Griessel hom by sy huis en nou word die twee jagter en gejagte, 'n span teen die dwelmkartel om Bennie se dogter te bevry. Tydens hul reis word albei se sielkundige probleme binne die saak ook ontbloot en vind hulle dat hulle eintlik insigte deel

**Bennie Griessel:** Bennie moet moordenaars opspoor. Hy is egter 'n volslae alkoholis, op die punt om sy werk en sy gesin te verloor. Eers as hy 6 maande lank nugter is, kan hy weer huis toe gaan. Sy verlange na sy kinders verteer hom en die blote gedagte dat sy vrou dalk in ander mans kan belangstel, dryf hom tot waansin. Hy kry hulp vir sy drankprobleem, maar uiteindelik is hy die enigste een wat homself kan help. Jare lange werk met die pyn en bloed en waansin van geweldenaars, laat hom stemme hoor wat skree en gil van pyn. Ook hierteen moet hy veg. Ook by die werk verloor hy respek en aansien van sy kollegas en hulle vertrou nie altyd sy oordeel nie. Soms ervaar hy openlike teenkanting van mede-speurders en moet hy veg om sy span se fokus op die sake te hou. Hy het simpatie met die emosies van Tobela, maar sy beginsels bly vasstaan: niemand mag die gereg in eie hande neem nie. En dan is sy geliefde dogters in die hande van moordenaars en verkragters en is Artemis die enigste een wat hom kan help. Wanneer hy van aangesig tot aangesig met hierdie geweldenaars kom, verloor hy sy beginsels en word self ook laksman terwyl hy een na die ander doodskiet. Hy kry sy dogter lewend terug maar geskend deur verkragting. 'n Nuwe stryd wag op hom' om haar te help om weer die lewe in die oë te kyk.

In die roman is die hoofkarakters anti-helde, mense van vlees en bloed. Hulle het lief, maak foute, ly self. Die regstelsel in al sy fasette kom onder die loep en ook hier is mense met swakhede en menslike emosies. Nie een persoon in die roman spring die hedendaagse misdaadkwessies en geweld in die land vry nie. Die roman is dan ook 'n verslag van hoe verskillende karakters met hul probleme worstel terwyl hul ook hul werk verrig. Fyn navorsing deur die outeur laat die leser die binnekringe van die regstelsel ervaar en begrip kry vir die kompleksiteite daarvan. So word hierdie boeiende roman dan minder fiksie en 'n groter werklikheid vir die betrokke SA leser.

		Styl (40%)								
		TOTAAL: 30	Uitmuntend Vlak 7	Verdiensielik Vlak 6	Bevredigend Vlak 5	Voldoende Vlak 4	Gemiddeld Vlak 3	Elementêr Vlak 2	Ontoereikend Vlak 1	
<b>INHOUD (STANDPUNT-INNAME) (60%)</b>			'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	'n Baie holruggerde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.	
		<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
		<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
		<b>Bevredigend</b> Vlak 5	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
		<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Swak-gedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
		<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
		<b>Elementêr</b> Vlak 2	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
		<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

[30]

**60 punte**

## **AFDELING B      TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**

### **VRAAG 5**

#### **DEEL A**

Kandidate kan 'n reeks vrae noem, maar van die belangrikstes is heel moontlik:

1. Was jy al ooit voorheen getroud of is jy op die oomblik in 'n verhouding?
2. Waar boer jy en waarmee boer jy?
3. Hoe oud is jy?
4. Sê in minder as 50 woorde waarna jy soek in die ideale vrou (of man).
5. Gee 'n beskrywing van jouself.
6. Wat is jou stokperdjies?
7. Beskryf kortliks jou ideale romantiese afspraak. (5)

Ens.

#### **DEEL B**

Kandidate moet die gees van die kompetisie vasvang in 'n informele brief waarin die skrywer hom/ haarself bekendstel en moontlik ook verduidelik waarom die boer hom/ haar aandag getrek het, verduidelik waarom hy/ sy die ideale lewensmaat vir die boer sou wees en hoekom hy/ sy so goed op 'n plaas sal aard (al is hulle stadsjapies).

Let ook op die volgende:

- Informele briefvorm
- Styl en trant informeel maar nie sleng of Omgangsafrikaans nie.
- Lengte
- Taalgebruik en spelling

Gebruik ook die tabel hieronder om die brief te assesser.

		<b>INHOUD (40%)</b>							
		<b>TOTAAL: 30</b>	<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	<b>Bevredigend</b> Vlak 5	<b>Voldoende</b> Vlak 4	<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	<b>Elementêr</b> Vlak 2	<b>Ontoereikend</b> Vlak 1
			Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	'n Doodgewone ingedriilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.
<b>STYL (60%)</b>	<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	30	27	24.5	22	19	16.5	14
	<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	28	25.5	23	20	17.5	14.5	12
	<b>Bevredigend</b> Vlak 5	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	26.5	23.5	21	18.5	15.5	13	10
	<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	24.5	22	19	16.5	14	11	8.5
	<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	23	20	17.5	14.5	12	9.5	6.5
	<b>Elementêr</b> Vlak 2	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	21	18.5	15.5	13.5	10	7.5	5
	<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.	19	16.5	14	11	8.5	5.5	3

**DEEL DIE PUNT DEUR 2 TEN EINDE DIE PUNT UIT 15 TE BEREKEN.**



**(Rond die finale punt af)**

(15)

**[20]**

**VRAAG 6:**

Kandidate moet 'n kort (200 woorde), informatiewe artikel skryf vir 'n webtuiste oor 'n gesonde lewenstyl vir tieners. Die volgende aspekte is van belang:

- Die artikel moet by die inligting op die advertensies aansluit; bv. die Flora 'Love your heart'-aksie moet genoem word (Wees lief vir jou hart) asook die Comrades Marathon (Die polsslag agter die wedren). Ook die twee slagspreuke moet betrek word ('stoelpatat' teenoor 'drawwer').
- Die teikengroep is Afrikaanssprekende tienerlesers, m.a.w. die styl moet **informeel** wees en in **loslit Afrikaans** geskryf wees.
- Die artikel moet 'n nuwe, oorspronklike titel hê.
- Geen sleng of Engelse woorde mag in die artikel verskyn nie.

Gebruik die aangepaste metingskaal hieronder om die artikel te assesser.

		<b>INHOUD (40%)</b>							
		<b>TOTAAL: 20</b>	<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	<b>Bevredigend</b> Vlak 5	<b>Voldoende</b> Vlak 4	<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	<b>Elementêr</b> Vlak 2	<b>Ontoereikend</b> Vlak 1
			Unieke, puik beplande, baie goed afgeronde siening. 'n Bedrewe verteller.	Baie goeie, keurig beplande, goed afgeronde siening. 'n Bogemiddelde begrip.	'n Goeie, onderrigte siening. Toon meestal 'n stereotipe begrip van die saak.	'n Doodgewone ingedrilde siening. Toon min eie begrip of leemtes in gedagtes.	'n Ondergemiddelde insig met heelwat ideespringery en beplanningtekorte.	Min of geen sinvolle insig in los paragrawe sonder enige beplande ordening.	Insig is irrelevant en onsamehangend gestruktureer. Amper onverstaanbaar.
<b>Uitmuntend</b> Vlak 7	'n Baie doelgerigte, persoonlike styl in unieke woorde en puik sinsbou. Byna perfek.	20	17.5	16	15	12.5	11	9	
<b>Verdiensielik</b> Vlak 6	'n Baie goeie, relevante styl getoon in gevorderde woord- en sinsbou. Een of twee stylfoute.	19	17	15.5	13	12	10.5	8	
<b>Bevredigend</b> Vlak 5	Goed-onderrigte styl getoon in goeie woorde, sinsbou en register. 'n Hele paar stylfoute.	18	15	14	12.5	10	9	7.5	
<b>Voldoende</b> Vlak 4	'n Verwagte styl getoon in bekende woorde en sinsbou. Register- en stylfoute effens steurend.	16	14.5	13.5	11	9	7	6	
<b>Gemiddeld</b> Vlak 3	'n Baie holruggeryde styl getoon in oorbekende woorde en eenvoudige sinne. Stylfoute pla baie.	15	13	12	10.5	8	6	4.5	
<b>Elementêr</b> Vlak 2	Vervelende styl getoon in swak woord- en sinsbou. Te veel stylfoute kom voor.	14	12	10	9.5	7.5	5	3.5	
<b>Ontoereikend</b> Vlak 1	Doellose, onbeholpe styl vol onvanpaste woorde en vrot sinne. Amper onverstaanbaar.	13	11	9	7	6	4	2	

**40 punte**

**TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE**